higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N4

(Eerste vraestel)

(9090154)

21 Oktober 2020 (X-vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

284Q1B2021

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MEDIESE PRAKTYK
(Eerste vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in AFDELING A.

2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.

3. Lees al die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n stelling in KOLOM A. Skryf net die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Beweging na die midrif	A	eksterne
1.1.2	Uitrek	B	lateraal
1.1.3	Verste van die oorsprong	C	supinasie
1.1.4	Weg van die liggaam se midrif	D	adduktor
1.1.5	Artikulerende oppervlak	E	fleksie
1.1.6	Rotasie om agtertoe te kyk	F	holte
1.1.7	Buite	G	Palmaris
1.1.8	Hol deel	H	verlenging
1.1.9	Buig	I	pronasie
1.1.10	Rotasie om vorentoe te kyk	J	plantaar
		K	facet
		L	distaal

(10 × 1) (10)

1.2 Kies die korrekte term uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 (Mitose/Meiose) produseer twee selle wat identies aan mekaar is.

1.2.2 Eiers en sperm word deur (mitose/meiose) geproduseer.

1.2.3 Die (respiratoriese/spysvertering) stelsel is verantwoordelik vir gasuitruiling.

1.2.4 Slagare het (dikker/dunner) wande as are.

1.2.5 Die (limfatiese/senuwee) stelsel help om liggaamsafval te verwyder

1.2.6 Die (frontale/oksipitale) lob van die brein is primêr vir sig verantwoordelik.

Kopiereg voorbehou

1.2.7 Uitspoeling (douche) is (doeltreffend/ondoeltreffend) as voorbehoedmetode.

1.2.8 (Herpes/Gonoree) kan genees word.

1.2.9 Sifilis vorder deur (drie/vier) stadiums.

1.2.10 Uitsluitlike borsvoeding van babas word vir minstens (ses/twaalf) maande aanbeveel indien moontlik.

(10 × 1) (10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.3.1 Vitamien C bevorder wondgenesing en help infeksies voorkom.

1.3.2 Spysvertering begin in die maag.

1.3.3 Epiteelweefsel gee beskerming.

1.3.4 Bloed is 'n soort bindweefsel.

1.3.5 Die femorale slagaar word in die arm gevind.

1.3.6 Insulien word in die prostaat geproduseer.

1.3.7 'n Refleks is 'n onwillekeurige reaksie op 'n stimulus.

1.3.8 Proprioseptors ontvang eksterne stimulusse.

1.3.9 Die labia minora is eksterne organe van die vroulike voortplanting-stelsel.

1.3.10 Intra-uteriene toestelle moet elke tweede week vervang word.

(10 × 2) (20)

[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

Antwoord net DRIE vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Waarvoor word 'n sfigmomanometer gebruik? (2)

2.2 Wat is die eerste TWEE siektes waarteen babas in Suid-Afrika ingeënt word? (2)

2.3 Noem VIER groepe ruggraatsenuwees. (4)

2.4 Verduidelik hoe om 'n baba te help om 'n wind op te bring. (7)

2.5 Gee VYF redes waarom jy dink dat dit beter is om deur jou neus asem te haal as deur jou mond. (5)

[20]

VRAAG 3

3.1 Noem VIER abnormale bestanddele van urien. (4)

3.2 Noem die VIER vernaamste hormone wat die menstruele siklus beheer. (4)

3.3 Noem SEWE tekens wat aandui dat 'n pasiënt aan skok ly en hulp nodig het. (7)

3.4 Noem VYF riglyne vir veiliger seks. (5)

[20]


VRAAG 4

4.1 Noem VIER hoofkomponente van 'n gebalanseerde dieet. (4)

4.2 Gee VIER kenmerke van lewende selle. (4)

Kopiereg voorbehou

4.3 Bestudeer die skets hier onder en gee die korrekte naam vir elke been (A–G). Skryf net die naam van die been langs die letter (A–G) in die ANTWOORDBOEK neer.



(7)

4.4 Noem VYF voordele van die manskondoom as voorbehoedmetode. (5)
[20]

VRAAG 5

5.1 Noem VIER interne organe van die manlike voortplantingstelsel. (4)

5.2 Gee VIER algemene newe-effekte van orale voorbehoedpille. (4)

5.3 Noem SEWE stappe oor hoe om 'n pasiënt te hanteer wat 'n hartaanval het. (7)

5.4 Noem VYF redes waarom dit belangrik is om te weet of 'n persoon sifilis het voordat sy 'n baba kry. (5)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou